191.T.7(100)

# OOR GEVORDERDE GRADE

Deur Prof. H.B. Thom,

Voorsitter, Adviserende Raad op Universiteite

Lentepromosieplegtigheid

(toekenning van senior grade)

Universiteit van Pretoria

12 September 1980, 14h30

Gelukwensing

By hierdie geleentheid bring ek namens die Adviserende Raad op Universiteite hartlike gelukwense oor aan die Universiteit van Pretoria, wat as selfstandige universiteit sy halfeeufees vier. Vyftig jaar is in die geskiedenis van ou universiteite wel nie 'n lang tyd nie, maar in ons jong land met sy jong universiteite is dit 'n noemenswaardige tydperk. Saam met baie ander is ons dankbaar vir die groot verskeidenheid van dienste wat die Universiteit van Pretoria in die loop van 'n halfeeu aan ons land gelewer het.

Ek sê ook hartlik geluk aan die studente wat hul grade ontvang, en aldus die bekroning van hul arbeid sien. Ons ag ons gelukkig dat ons in hul vreugde kan deel.

akad. aspek

Laat ons nou vir 'n rukkie stilstaan by die grade wat vandag hier aan die orde kom. Laat ons vir 'n rukkie vergeet van hoogdrawende, wysgerige waarhede - waarvan ons uit die aard van die saak aan universiteite so baie hoor - en, met ons voete vas op die aarde, op heel praktiese wyse kyk wat uit hierdie grade spreek.

Ons het te doen met die toekenning van gevorderde grade, veral magistergrade en doktorsgrade. Die betrokke studente het verskeie jare van studie agter die rug; dit was vir hulle nie studie soos vir die gewone eerste graad nie, 'n baccalaureus in die een of ander fakulteit, wat na drie jaar afgehandel kan word. Die studie was langer, meer intensief, en het volgehoue toewyding geëis.

Dit het ook 'n hoë mate van intellektuele begaafdheid geëis. Die grade wat hier toegeken word, verteenwoordig die bekroning wat vir geselekteerde groepe bestem is.

Die onderhawige grade vereis in die reël ook oorspronklike navorsingswerk. Dit is nie meer genoeg om voorlesings by te woon, goed te memoriseer, en bevredigende antwoorde op vrae in eksamens te verstrek nie; nou moet met die bronne gewerk word, sorgvuldig gewik en geweeg word; nou moet op sinvolle wyse analises gemaak en sinteses opgebou word. Dit is eers wanneer ons hierby kom dat ons ware bydraes tot die verryking van die menslike gees maak.

Gevorderde grade dien as bewyse van die voortreflikste werk wat aan 'n universiteit gedoen word. 'n Universiteit kan op baie maniere sy beeld na buite opbou, bv. deur die dissipline van sy kampusbevolking, deur die geestelike dinamiek van sy studentelewe, die inspraak van sy dosente in landsake, die indrukwekkendheid van sy geboue, die sportprestasies van sy studente en baie ander goeie dinge. Maar 'n universiteit se gevorderde grade, en alles waarvoor dit staan, sal altyd een van die vernaamste suile bly waarop die kwaliteit en aansien van 'n universiteit gebou word.

Met die grade wat 'n universiteit toeken, lewer hy 'n belegging vir die toekomstige geluk en welvaart van sy land en sy mense. Immers, daardie grade is die getuigskrif vir die betrokke persone dat hulle, toegerus met spesialiteitskennis, nou kan uitgaan om elkeen op sy besondere gebied diens te lewer.

Hierdie diens eindig egter nie by die persone as sodanig nie. Hulle tree nie in isolement op nie, dog in die midde van 'n lewende, dinamiese maatskappy. Diegene wat in die onderwys gaan, oefen regstreeks invloed uit op hul leerlinge en studente, en onregstreeks invloed weer op 'n groot verskeidenheid van mense en situasies wat in verband met hul leerlinge en studente te staan kom. En sodanige beïnvloeding geld ook vir diegene wat in ander rigtinge gaan: in die sakewêreld, die regspraktyk, die geneeskunde, die ingenieurswese, die landbou en 'n menigte ander rigtinge.

Ons het te doen met die welbekende begrip van die sielkunde en die filosofie, die subjek-objek-relasie. Die leermeester as subjek beïnvloed sy leerling as objek; maar die objek word op sy beurt subjek vir ander; en so gaan die proses onafgebroke voort. In die onderwys is dit die duidelikste waarneembaar, maar op ander terreine is dit eweseer aanwesig. Deur die groot proses van geestelike inwerking en wisselwerking word die hele maatskappy met al sy gemeenskappe voortdurend en diepgaande beïnvloed.

Ons kom tot die onvermydelike konklusie dat universiteite - met hul leermeesters en gegradueerdes - vandag in die midde van die maatskappy staan en lank nie meer ivoortorings van heerlike afsondering

is nie. Die universiteit is intiem betrokke by die maatskappy, en deur sy gegradueerdes maak hy sy belegging vir die toekoms.

Twee kwalifikasies moet gestel word. Ten eerste: Die belegging is nie net van geestelike aard nie. Ons is dikwels geneig om, wanneer ons van die bydraes van universiteite praat, dit slegs in geestelike sin op te vat, asof dit van die praktyk, die fisiese dinge, heeltemal los staan. Fundamenteel gaan die geestelike sy vir die universiteitsman vanselfsprekend voorop: hy werk primêr met die teorie, die beginsel, die berekening, die ontwerp. Maar daardeur maak hy die groot fisiese, praktiese dinge moontlik wat deel van die moderne mens se lewe geword het. Laat dit goed verstaan word: sonder die universiteitsman sou ons geen hartoorplanting gehad het nie, geen goudmyn vier kilometer diep nie, en geen sakrekenaar nie. Die geestelike en die praktiese sy van die universiteit se belegging is onlosmaaklik ineengestrengel.

Die tweede kwalifikasie: Die belegging is nie noodwendig opbouend van aard nie; dit kan, ondanks goeie bedoelinge, ook afbrekend van aard wees. Chemikalieë wat gebruik word om die grond vrugbaar te maak, kan ook aangewend word om die mens te vergiftig; elektrisiteit, uitnemende dienskneg van die mens, kan ook gebruik word om verwoesting te saai; en die geheime van die atoom, waarin daar onpeilbare bronne van kosbare energie verskuil lê, is gebruik om derduisende weerloses in Hiroshima en Nagasaki om die lewe te bring.

Op die gevorderde gegradueerdes van die universiteit rus die verantwoordelikheid om na die beste van hul vermoë sorg te dra dat die

universiteit se belegging, wat deur hulle verteenwoordig word, vir geluk en vooruitgang aangewend sal word, en nie vir smart en degenerasie nie. Op watter terrein hulle ook werksaam sal wees - en elkeen sal seer seker nie met die splitsing van die atoom te doen kry nie - hulle sal almal geroepe wees om te besluit hoe hulle hul gevorderde kennis en bekwaamheid gaan aanwend. En hulle sal goed moet weet dat dit vir Suid-Afrika vandag gebiedend noodsaaklik geword het om sy jong mense met ál hul bekwaamheid op positiewe wyse ten dienste van al sy inwoners, wit, swart en bruin, in die harnas te plaas.

Finan. aspek

Universiteite het vandag duur ondernemings geword, en hulle word by die dag duurder: duur vir die Staat, wat verreweg die grootste gedeelte van die fondse voorsien; duur vir die universiteit self, wat sy inkomste uit klasgelde en koshuisgelde kry en self ook fondse van goedgesinde persone en instansies insamel; en duur ook vir ouers en studente, wat die fondse moet vind om stygende klasgelde en koshuisgelde te betaal. Daar moet nougeset gesorg word dat die beskikbare fondse op produktiewe wyse aangewend word.

Wat die Staat betref, is daar met verloop van tyd 'n vaste patroon ontwikkel waarvolgens universiteite gesubsidieer word. Vir lopende uitgawes het ons die subsidieformule, wat 'n meganisme vir subsidiëring uitmaak. Ooreenkomstig sekere elemente van die formule, t.w. uitgawes onder kategorieë soos akademiese salarisse, sentrale administrasie, biblioteek, laboratoriums, bedryfskoste in verband met onderrig ens., word die totale bedrag bepaal wat jaarliks aan elke universiteit uitgekeer word. Maar universiteite is dan nie

gebonde om hul fondse ooreenkomstig die vasgestelde kategorieë te bestee nie; inteendeel, hulle het die vryheid om hul subsidiegeld aan te wend soos hulle goedvind, slegs met dié beperking dat nie op ongesubsidieerde uitgawes gespandeer word nie.

Vir kapitale doeleindes, d.w.s. vir bv. die aankoop van gronde, die oprigting van geboue, die voorsiening van toerusting, en die skepping van sportfasiliteite, bestaan daar die stelsel van leningsmagtiging. Universiteite lê jaarliks hul aansoeke om goedkeuring van lenings aan die Departement van Nasionale ~~Onderwys~~ Opvoeding voor; en op lenings wat goedgekeur word, betaal die Staat dan 'n groot deel van die rente en kapitaaldelging: 85% in die geval van gronde en akademiese geboue; en 50% in die geval van koshuise - terloops, op koshuise is die Staat se persentasie laer, omdat universiteite hier die volle bedrae aan koshuisgelde in ontvangs neem.

Universiteite kla soms dat hulle van owerheidsweë nie genoegsaam gesubsidieer word en dus nie alles kan doen wat hulle noodsaaklik ag nie. Maar terselfdertyd moet 'n mens erken dat die bydrae wat hulle van die Staat ontvang vandag 'n groot omvang bereik het. Om enigsins 'n indruk hiervan te kry, kan ons net op die boekjaar 1979/80 let: in hierdie jaar het die elf blanke universiteite - met inbegrip van die Universiteit van Suid-Afrika - onder die subsidieformule, plus sekere besondere bewilligings, 'n totaal van R236 miljoen ontvang, terwyl hulle goedkeuring gekry het om kapitale lenings tot 'n bedrag van nagenoeg R35 miljoen aan te gaan. Twintig jaar gelede - toe ek nog Rektor van 'n universiteit was - het 'n Engelsprekende kollega uitgeroep: "Moneywise South African

universities are in the gutter!" - Dit mag toe só gewees het; vandag is dit nie meer só nie - ook nie as 'n mens met universiteite in die buiteland, met name dié van die Verenigde Koninkryk, vergelyk nie.

Binne die aanvaarde patroon van subsidiëring, moet universiteite dan op verantwoordelike wyse hul fondse gebruik om die groot verskeidenheid van hul werksaamhede ten uitvoer te bring. In die lig van die feit dat universiteite duur ondernemings is en steeds duurder word, kan ons verstaan dat die Staat periodiek na besonderhede van sy grondslag van subsidiëring moet kyk om hom te vergewis dat universiteite in staat is om hul taak te verrig; trouens, vanweë voortdurende inflasie word die waardes van die elemente van die subsidieformule jaarliks ondersoek, en ook vrywel sonder uitsondering verhoog.

Die werk wat vir gevorderde grade vereis word, is van die universiteite se duurste werk. Dit is duur omdat dit intensiewe werk van hoogstaande gehalte is. Dit is hier nie 'n geval van studente wat in groot klasse voor 'n dosent sit om 'n paar voorlesings per week mee te maak nie. Dit is 'n geval van klein klasse, soms selfs net één student, wat persoonlike aandag van 'n dosent ontvang, en gevolglik op baie tyd van die dosent aanspraak maak. Daar is soms selfs nie sprake van voorlesings nie, maar eerder van voortdurende noue samewerking tussen dosent en student. Relatief is dit vanselfsprekend veel duurder as wanneer studente op die gewone wyse in klasse onderrig word.

Dit is ook duur vanweë die toerusting wat universiteit en student dikwels nodig het. In bv. die natuurwetenskappe, die ingenieurswese, die geneeskunde en die landbou moet meermale kosbare laboratorium-apparate voorsien word, waarsonder die nodige navorsingswerk nie gedoen kan word nie. In die geesteswetenskappe is daar weer ander uitgawes. In vakke soos die letterkunde, die taalkunde, die filosofie en die ekonomie moet daar in biblioteke ruime hoogs gespesialiseerde boeke- en tydskrifvoorrade beskikbaar wees, wat teen die hoë pryse van vandag voortdurend met die modernste materiaal aangevul moet word. En in 'n vak soos geskiedenis moet dikwels aansienlike reiskoste aangegaan word om historiese bronne-materiaal op verskillende plekke te raadpleeg.

Daar kan geen twyfel oor bestaan nie: die werk wat gevorderde grade meebring, is duur werk. Universiteite span hulle in om hiervoor voorsiening te maak. Ons kan verstaan dat dit veral van die Universiteit van Pretoria inspanning en oorleg eis om die hoeveelheid gevorderde werk te verrig waarvan die groot aantal grade van vandag weer eens bewys lewer.

Slot

Uit naam van my Raad spreek ek teenoor die Universiteit van Pretoria dank en waardering uit vir die waardevolle belegging wat hy vir ons toekoms maak. U.P. is ons grootste residensiële universiteit; hy het 'n wye verskeidenheid van aktiwiteite; en hy bestee ruime fondse om daardie aktiwiteite aan die gang te hou. In die loop van my eie ondervinding, het ek herhaaldelik self gesien dat die Universiteit versigtige beheer oor die besteding van sy fondse uitoefen. Dit is ongetwyfeld in hoë mate hieraan te danke dat hy

in staat is om ook vir die gespesialiseerde, duur werk van groot getalle gevorderde studente behoorlik voorsiening te maak.

Ek wens die Universiteit seën en voorspoed toe op die werk wat voorlê. Mag die gevoel van nederige dankbaarheid wat deur 'n half-eeu van diens opgewek word, stuwende besieling vir die toekoms bring.

**********************